
SÊ JOU SÊ!

# VOORGESTELDE OMSKAKELING VAN KENMARSINGEL, CLAREMONT NA 'N EENRIGTINGPAD

Die Stad Kaapstad se direktoraat stedelike mobiliteit nooi inwoners, ouers en padgebruikers om kommentaar te lewer oor 'n voorstel om 'n permanente eenrigtingstelsel in Kenmarsingel, Claremont in te stel. Hierdie voorstel is daarop gemik om verkeersvloei te verbeter, veiligheid te bevorder en 'n meer georganiseerde padomgewing rondom Hershel Girls Preparatory School te skep. Daar is baie kwesbare padgebruikers tydens besige op- en aflaaityе in hierdie gebied. Deur deelname aan hierdie proses, kan jou insigte en terugvoering 'n veiliger, meer doeltreffende buurt vir almal help vorm. Verwys asseblief na die gebiedskaart vir die voorgestelde omskakeling na 'n eenrigtingpad.




**Die voorstel behels:**

- 'n Permanente eenrigtingstelsel in Kenmarsingel vanaf Hershelweg in die rigting van Highwicklaan.
- Parkeerplekke langs Kenmarsingel in die baan naaste aan die skool.

Belangstellende en belanghebbende partye kan die tegniese verslag en voorgestelde uitleg op www.capetown.gov.za/haveyoursay of www.capetown.gov.za/collaborate besigtig of aflaai.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 3 Augustus tot 4 September 2026 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit te rig.

**Kommentaar, aanbevelings en insette kan soos volg ingedien word:**

**E-pos:** Urbanmobility.CT@capetown.gov.za (meld verwysing: 110262703)

**Aanlyn:** www.capetown.gov.za/haveyoursay en www.capetown.gov.za/collaborate of skandeer die QR-kode

**Skriftelike voorlegging:** Eenheid vir openbare deelname, 3de verdieping, Podiumblok, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad 8001

**Subraad 20:** Alphensentrum, Constantia-hoofweg, Constantia

**Biblioteek:** Claremont- openbare biblioteek, Library Square, Wildernessweg, Claremont

**Inligtingsdag:** Woon op 13 Augustus 2026 van 12:00 - 15:00 'n openbare inligtingsdag by Herschel Girls Preparatory School, Kenmarsingel, Claremont by.

Spesiale bystand sal verleen word aan diegene wat nie kan skryf of lees nie, diegene met gestremdhede en ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, sodat hulle insette of kommentaar aangeteken en aan die munisipaliteit voorgelê kan word. Kontak Anthea Bendie by die eenheid vir openbare deelname by 021 400 1450 of stuur 'n e-pos na Anthea.Bendie@capetown.gov.za as jy enige navrae het oor hoe om jou kommentaar in te dien.

**Rig tegniese navrae oor die voorstel aan Tim de Villiers by Timothy.DeVilliers@capetown.gov.za.**

**(Neem kennis: Versoeke om nuwe verkeersmatigingsmaatreëls moet via die betrokke subraadskantoor ingedien word).**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA161/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.